

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Families en hulle dinge...

Skriflesing: Matteus 10:24-39 (1953)

²⁴ 'n Leerling is nie bo die meester nie en 'n dienskneg ook nie bo sy heer nie.

²⁵ Dit is vir die leerling genoeg dat hy soos sy meester word en die dienskneg soos sy heer. As hulle die heer van die huis Beëlsebul genoem het, hoeveel te meer sy huisgenote!

²⁶ Vrees hulle dan nie; want daar is niks bedek wat nie ontdek sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie.

²⁷ Wat Ek vir julle in die donker sê, vertel dit in die lig; en wat julle in die oor hoor, verkondig dit op die dakke.

²⁸ En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liefier wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.

²⁹ Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie.

³⁰ En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel.

³¹ Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies.

³² Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.

³³ Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is.

³⁴ Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.

³⁵ Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder, en 'n skoondogter en haar skoonmoeder.

³⁶ En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees.

³⁷ Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie.

³⁸ En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.

³⁹ Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.

Broodjies vir die pad

We are surely called to believe that God who is everywhere is with us. And we are called to believe that this God is Energy and Love. Not the Grand Inquisitor. Not the Great Circus Master. Not the Indifferent Professor who does distant research on our lives. God is the one who made for us a good world and walks with us to hold us up as we go.

~Joan Chittister

Elegie aan Elisabeth Eybers

Vanaf jou eerstelingbundel het jy,
jou woorde liggevlerk, harte gesteel,
met borrels van blyheid, jou hart gedeel,
woorde weer hulle oggendblos laat kry.
Jy het vrouestemme laat ontwaak.
Met die kronkelpad van jou verbeelding,
oomblikke van ongeskonde skoonheid gebring,
oewerlose vrede, wat sieldiep raak.
Jy kon *vlug in rym en ritme vaslê*,
die littekens van eensaamheid besweer.
eindelik ook onderdak vind en floreer
in woorde, 'n laaste toevlugsoord, belê.
Kosbaar was 'n vertroude grootwordtyd -
om te droom was vir jou 'n gegewe.
Al loer die bedreiger van die lewe,
was daar 'n vooruitsien na eindigheid.
Selfs met ouderdom, al verslyt die hart
is balans en ewewig steeds herwin -
vreugde, moederskap, 'n vrou wat bemin.
Temidde van eenlopenheid en smart:
..."het ek geleer om mens, om vrou te wees"
..."een uit die effe menigte" was jy!
Al sou daar begeertes onvervuld bly,
bring jy ons liefste dinge van die gees:
*..."En deur die jare het sy self die slot
van die verhaal geword; haar stilte en krag
was skoner as die dinge waarop sy wag..."*

<http://versindaba.co.za/2014/07/13/lykdig-34-elegie-aan-elizabeth-eybers>

Herstel rusdag én sy bedoeling

André van Niekerk

Ek was jaloers toe my vriend van sy Joodse vennoot vertel:
"Vrydag 15:00 sluit hy sy kantoor. Tot Saterdagdaand laat is hy nie beskikbaar nie.

"In sy lewensritme is die sabbatsrus ingebou. Dit bevestig sy identiteit. Op Maandag hanteer hy weer die druk . . ."

Het ons ywer om die Sondag van sy Sabbatdag-oorblyfsels te bevry ons nie verarm nie?

Dit lyk vir my ons het die baba met die badwater uitgegooi. Kan ons nie die groter bedoeling van dié dag herstel nie?

Dat die Sabbatdag besondere betekenis vir Bybelgelowiges het, word al in die eerste Bybelverhaal oor die skepping en Sabbat duidelik.

Dis nie die mens van die sesde dag wat die hoogtepunt van hierdie verhaal of die kroon van die skepping is nie, maar die Sabbat.

God vier die harmonie van alles wat geskape is op die sewende dag. Die verhaal nooi ons om dit saam te vier en onself te vind.

Waarskynlik was die Sabbat oorspronklik net 'n dag waarin met die werkroetine opgehou is.

In 'n bestaansboerdery, wat voortdurende werk vereis, is dit 'n opoffering wat veral vir jou eie mense goed is. Ook 'n belydenisdaad van vertrouwe in God se sorg.

In 'n volgende fase is die gelowiges aangemoedig om dit 'n dag van herinnering aan die skepping en God se voorsiening in die geskiedenis te maak.

Daardeur kon gelowiges hul identiteit en betekenis behou. Later is gesamentlike aanbidding ingestel wat by die heilsame herinnering aangesluit het.

Ongelukkig het die Sabbat ná die ballingskap in 'n dag van "jy mag nie" ontwikkel en veral vir die armes het dit 'n sware juk van skuldgevoelens geword.

Jesus voed en genees egter talle van die mense juis op hierdie dag om te toon dat die mens nie vir die Sabbatdag gemaak is nie, maar die Sabbatdag vir die mens.

Sy poging om die dag se bedoeling te herstel, wek die woede van sy teenstanders.

Maar in Jesus se uitnodiging na "rus" hoor sy volgelinge dat Hy soos die Sabbatdag is – God wil deur Christus ons van sy genade verseker, ons van sware laste bevry en ons heelmaak met sy omvattende visie (Matteus 11-12).

Aanvanklik het die vroeë Christene die Sabbat (op Saterdag) gevier en voor of ná werk op die Sondag die opstandingsdag van Christus.

Maar toe die Christendom 'n staatsgodsdienst word, verander die Sondag na 'n verpligte geen-werk-dag in die Romeinse Ryk.

Die wettisisme van die Joodse Sabbat spoel oor na Christene se Sondag.

As die antieke mens so 'n dag in die week nodig gehad het, hoeveel te meer het ons nie?

As selfs die eenvoudigste stukkie masjien nie aaneenlopend kan funksioneer nie, hoe kan vlees en bloed sonder om af te skakel?

As daar seisoene in die natuur is, hoe durf ons anders probeer wees?

Wie verwag dat 'n gemeente se erediens die hele rusdag se heling in 'n uur vir hom moet doen, versuim sy eie verantwoordelikheid.

Gemeentes se eredienste behoort nie alles vir almal te doen nie, maar die egte rus te bevorder.

Wat ons nodig het, is meer as luilekker tye. Ons het heilige tyd nodig wat tot diepe sielerus kan lei. Stilte voor God sodat daar vrede in my binneste kan kom oor wie ek eintlik is.

Veral my emosies – die goeies en die swares – moet ek erken en oefen om mee saam te leef.

Volgens die oorspronklike bedoeling is ware rus in God 'n viering van harmonie tussen ons diepste kern met die Skepper en die res van die skepping – mens en medemens, maar ook mens en grond, water, lug, plante, diere . . .

<http://www.beeld.com/opinie/2014-07-16-herstel-rusdag-n-sy-bedoeling>

Brood vir die pad

Soek iets nederigs om voor om tegee, is sy raad

Dirkie Smit

Dit is ontstellend maar ook aangrypend, dalk omdat sy self so aangegryp is. Sy noem dit Stay, maar dis asof sy 'n uitroepteken sou wou bysit. Soos 'n pleitende noodkreet, stay!. Moenie gaan, laat los, opgee nie. Dis opgedra "for you who struggle and hold on". Sy smee dat niemand tog die hand aan eie lewe sal slaan nie.

Sy skryf dié boek vanweë haar eie ervaring. Twee digter-vriendinne het onverwags hulle eie lewe beëindig, vertel sy, tot haar reuse-skok. Geeneen kon dit voorsien nie, só goed het albei – jonk, mooi, suksesvol – hul diepe treur van almal verberg. Dog, die skok was nog erger omdat sy toe óók met haar éie donker emosies aan 't worstel was. Van tóé af is Jennifer Hecht besiel. Sy doen navorsing en sy skryf – blogs, briewe, e-posse, manifesto's, tot by Stay. Haar skryfwerk is soos een groot passie, een groot kreet – stay!. En van alle kante reageer mense, met hul eie verhale, eie nood, eie droefheid. Oor húl dierbares wat die donker ook nie langer kon verduur nie. En oor hul éie wanhoop.

Of haar poging veel gaan help, is 'n ope vraag – en sy weet dit. Vir vele is mediese sorg immers al wat kan. Vir vele gaan pleidooie en argumente géén verskil bring nie, trouens, die dónkerste van dié donker is juis dat ons fisieke toestand só die oorhand kry oor ons gedagtes dat wát ook al gesê mag word of ons self mag weet en dink, net nie langer lig kán bring nie. Sy wéét dit – en tóg hou sy aan. Want sy glo vas dat, as sommige vooraf bewapen was met die regte gedagtes, hulle dalk tóg sou kon stay. Want daar is ook misleidende gedagtes in omloop, glo sy, wat dit vir ons té maklik maak om te dink die lewe is nie die moeite werd nie. Juis dit wil sy aantoon met haar navorsing – histories, literêr, statisties. Die feite toon dat dit in sekere tydvakke, kulture, omgewings, soms op sekere plekke, soos in spesifieke skole, of ná insidente, op groter skaal gebeur as andersins – dus as mense begin glo dat dit nie regtig saak maak nie. Vandag beleef vele wéér sulke groepsdruk, sê sy, wat ons wil laat dink die lewe is eintlik niks besonders nie. Dáárteen veg sy met soveel passie.

Sy het twee argumente. Ons ís kosbaar vir ánder, al glo ons dit self skaars. Daarby mág ons lewe net dalk vir ons sélf ook weer sin kry, al lyk dit nie nou so nie. As ons net kan uithou, kan blý. Daar is tog oorvloedige getuie hoe gebroke dié is wat agterbly, omdat ons wél vir hulle kosbaar is, al besef ons dit nie? En ewe oorvloedige getuie hoe vele wie se pogings misluk het ná die tyd getuig hoe dankbaar hulle vandag is, omdat die donker tóg later gewyk het?

Sy haal Albert Schweitzer aan wat kinders aanraai om "iets te soek om voor te lewe, maar iets nederigs". Groot drome word maklik té groot – onhaalbaar, en laat ons daarom moedeloos. Dis in die klein, sê hy, waar geluk begin. Laat ons ons met súlke gedagtes wapen, pleit sy, betyds, vir donker dae wat mag kom. Lewe is góéd – hóé eenvoudig ook al. Gee tog daarvoor óm. Ter wille van ander én onself.

<http://www.dieburger.com/opinie/2014-07-12-soek-iets-nederigs-om-voor-om-tegee-is-sy-raad>

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877